STANDAARD BEDRYFSPROSEDURE

Bestuur van leerders wat hindernisse tot leer ondervind.

BYLAE B: Beveiliging van dokumentasie

BYLAE B: BEVEILIGING VAN DOKUMENTASIE BY SKOLE
▪ Afskrifte van professionele verslae moet in elke afsonderlike kind se leerderprofiel bewaar word. ▪ Skole moet seker maak dat hulle 'n geordende bestuurstelsel vir die bewaring, bywerking en herwinning van vertroulike lêers in werking gestel het. ▪ Prinsipale moet toesien dat alle administratiewe personeel die leerder se vertroulikheid in die uitvoering van hulle pligte respekteer en dat hierdie personeel 'n vertroulikheidsklousule onderteken. ▪ Leerderprofiele moet na die kind se volgende skool aangestuur word.